

# Die Drie Groot Oordele ! !



Open 20:11 **En ek het 'n groot wit troon** gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.

Open 20:12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en **die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe**, is geopen. En die dode is geoordeel na wat **in die boeke geskryf is**, volgens hulle werke.



# Die Drie groot oordele.

In hierdie uitgawe gaan ons die drie groot oordele van God bespreek.

- (1) Die oordeel van die gelowiges
- (2) Die oordeel van die nasies.
- (3) Die oordeel van die goddelose.

Hulle verskil almal met betrekking tot die tyd, plek, aard of karakter en straf.

## (1) Die oordeel van die Gelowiges - Die Regterstoel van Christus. (Grieks: Bema-oordeel.)

Rom 8:1 Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

Joh 5:24 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie,.....

Na aanleiding van bogenoemde skrif is dit duidelik dat die kind van God nie veroordeel word nie, maar beoordeel word volgens jou werke.

2Kor 5:1 Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons **'n gebou het** van God, **'n huis** nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele.

2Kor 5:2 Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word,

2Kor 5:3 as ons ten minste gekleed en nie naak bevind sal word nie.

2Kor 5:4 Want ons wat nog in die tent is, sug en voel beswaard, omdat ons liewer nie ontklee nie, maar oorklee wil word, so dat die sterflike deur die lewe verslind kan word.

2Kor 5:5 Maar Hy wat ons juis hiervoor toeberei het, is God, wat ons ook die Gees as onderpand gegee het.

2Kor 5:6 Daarom het ons altyd goeie moed en weet dat as ons in die liggaam inwoon, ons van die Here uitwoon.

2Kor 5:7 Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.

2Kor 5:8 Maar ons het goeie moed en verkies om liewer uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon.

2Kor 5:9 Daarom lê ons ons ook ywerig daarop toe, of ons inwoon of uitwoon, om Hom welbehaaglik te wees.

2Kor 5:10 Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.

Volgens vers 10 sal elke kind van God voor die regterstoel van Christus verskyn (Grieks: BEMA-oordeel.) om te ontvang volgens wat hy deur die liggaam gedoen het, of dit goed is of kwaad.

1Kor 9:24 Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop só dat julle dit sekerlik kan behaal.

1Kor 9:25 En elkeen **wat aan 'n** wedstryd deelneem, onthou hom in alles—hulle nogal **om 'n verwelklike krans te ontvang**, maar ons 'n onverwelklike.

1Kor 9:26 Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie;

.....

Paulus verwys hier na 'n wedloop waarin elke kind van God gewikkel is, en vir die oorwinnaar is daar 'n onverwelklike krans.

Die BEMA is dan 'n verhoog of platform by hierdie geleentheid, waar die kind van God nie veroordeel word oor sy sondes nie, (want die bloed van Jesus het reeds al u sondes wegge- was. - Rom 8:1 Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees

wandel nie, maar na die Gees. ) MAAR hier ontvang u LONE en KRONE volgens u werk hier op aarde.

Die regterstoel van Christus, die BEMA, is NIE die WIT-TROON-OORDEEL nie (Op 20:11) Die WITTROON-OORDEEL is vir die SONDAAR, die tweede opstanding aan die einde van die Duisendjarige Vrederyk. Dan sal die SONDAAR voor God verskyn en finaal in die hel gewerp word.

Die REGTERSTOEL van CHRISTUS - BEMA is dus net vir die GELOWIGE.

### DIE SONDAAR

1. Het geen huis in die Hemel nie.
2. Het geen verlange om uit te woon nie.
3. Is nie gekleed nie.
4. Het nie die Gees as onderpand nie.
5. Wandel nie deur die geloof nie.
6. Kan God nie welbehaaglik wees nie.

### REKENSAP GEE

Rom 14:12 So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee.

Luk 16:2 ..... Gee verslag van jou bestuur van sake;

Jam 1:12 Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here belooft aan die wat Hom liefhet.

Gal 6:5 Want elkeen sal sy eie pak dra.

Mat 12:36 Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag.

Die boeke van die Bybel, word die KANONIEKE boeke genoem. KANONIEK beteken = "om te meet, om reg te meet" [ God meet ons met ons eie maatband.

Luk 6:38 b ..... want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle ge meet word. ]

2Kor 9:6 Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai.

2Kor 5:10 b ....., volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad. [kwaad BETEKEN nie sonde nie. Die Griekse woord vir kwaad is FHALOS en dit beteken - WAARDELOOS. Terwyl die Griekse woord vir SONDE THANATOS, KAKOS of PONEROS is.]

## JOU WERKE VIR GOD

Joh 14:12 b .....—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.

Mat 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies .....

Mat 6:1 Pas op dat julle nie jul liefdadigheid voor die mense bewys om deur hulle gesien te word nie; anders het julle geen loon by julle Vader wat in die hemele is nie.

Mat 6:3 Maar jy, as jy liefdadigheid bewys, laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie,

Mat 6:6 Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.

Mat 6:17 Maar jy, as jy vas, salf jou hoof en was jou gesig,

Mat 6:18 sodat jy nie die mense laat sien dat jy vas nie, maar jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.

2Kor 5:10 Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, ..... (Ons moet almal openbaar gemaak word.)

Elkeen van ons het 'n SAAILAND.

Job 31:38 As my saailand my aanklaag en sy vore almal saam ween;

## SES BOUSTOWWE

1Kor 3:9 Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle.

1Kor 3:10 Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos **'n bekwame boumeester** die fondament (Jesus) gelê, en **'n ander bou** daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou.

1Kor 3:11 Want **niemand kan 'n ander fondament lê** as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus.

1Kor 3:12 En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels—

1Kor 3:13 elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is.

1Kor 3:14 As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang;

1Kor 3:15 as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen.

GOUD, SILWER EN KOSBARE STENE is ONVERNIEETIG-BAAR, AANNEEMBAAR EN GEE EER AAN GOD.

HOUT, HOOI EN STOPPELS is VERNIEETIGBAAR, ONAANNEEMBAAR EN SOEK EIE EER EN SELFVERHEFFING.

Ons WERKE gaan DEUR VUUR OPENBAAR GEMAAK WORD.





## GOUD BETEKEN HEILIGHEID.

1Pet 1:16 omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.  
Heb 12:14 Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking  
waarsonder niemand die Here sal sien nie;

1Thes 4:7 Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie,  
maar tot heiligmaking.



## SILWER BETEKEN REINHEID

Mal 3:3 En Hy sal sit: ‘**n** smelter en reiniger van sil-  
wer .....

Mat 5:8 Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God  
sien.



## EDELGESTEENTES.

Eseg 47:5 Verder het hy nog duisend gemeet—’**n stroom wat ek nie**  
kon deurgaan nie! Want die waters het opgerys—waters om in te  
**swem, ‘n stroom waar ‘n mens nie deur kan loop nie.**

Vierduisend el - die Heilige waters. Agter die "koraalriwwe",  
in die dieptes van God, kry ons al die EDELGESTEENTES.

## SKADE LY

1Kor 3:15 as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly;  
alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen.

SKADE LY = BOETE BETAAL. Ons kom dan in die Hemel met  
leë hande.

## BOETE BETAAL

Ons BOETE word van ons LOON afgetrek.



## GERED SOOS DEUR VUUR HEEN

Dit beteken GERED, maar sonder LOON en KROON. Met ander woorde ons het hemel net-net gemaak.

Die tesourier van 'n goud maatskappy het besluit om sy kantoor se ou verslete mat te vervang. Terwyl hy die verslete mat staan en bekyk besef hy meteens dat hierdie ou mat vol goudstof moet wees. Hy laat toe die mat uitbrand op 'n groot vuurrooster met 'n pan daaronder om al die as op te vang. Nadat hy die as uitgesif het, het hy genoeg goud gehad om die hele kantoorgebou se matte te vervang met nuwes."

Ons werke, gebou met goud, word deur die vuur van God geopenbaar.

"Die professor, wat die uitvinder van die Xstraal-masjien was, het om die masjien te demonstreer, mense genooi om hul juwele te bring en onder die Xtrale te plaas. Groot was die teleurstelling van sommige mense wanneer hulle uitvind dat hul juwele nagemaakte en gekraakte 'edelstene' gehad het."

God plaas ons werke (edelgesteentes) ook onder sy "xtrale" om geopenbaar te word.

## VYF OORWINNINGS-KRONE



DIADEMA = koninklike kroon.  
STÉFANOS = oorwinnaars-kroon.

1. *Die kroon van die lewe = "Martelaarskroon".*  
(Openb 7 - Martelare)  
Openb 20:4 .....; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, .....

STEFANUS was die eerste martelaar om dié kroon te kry.

Openb 2:10 ..... Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee. (Aan die gemeente van Smirna.)

2. *Die onverwelklike kroon - vir die "Wedergeborene".*  
1Kor 9:25 ..... —**hulle nogal om 'n verwelklike kranse te ontvang, maar ons 'n onverwelklike.**

1Pet 1:4 **sodat ons 'n** onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons.

3. *Die kroon van vreugde - "Sieleweners" kroon.*  
Dan 12:3 En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos.

Spr 11:30 ....., en hy wat siele win, is wys.

4. *Die kroon van "Heerlikheid" vir die Herders.*

1Pet 5:4 En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang.

5. *Die kroon van "Geregtigheid" vir dié wat uitsien na die wederkoms.*

2Tim 4:8 Verder is vir my weggeleë die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het.

Openb 22:12 En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.

## SEWE "OORWINNINGSLONE"

1. *AAN DIE GEMEENTE VAN ÉFESE.*

Openb 2:7 **Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die ge-**

meentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is.

2. *AAN DIE GEMEENTE VAN SMIRNA*

Openb 2:11 **Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.** Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.

3. *AAN DIE GEMEENTE VAN PÉRGAMUS*

Openb 2:17 **Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.** Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van **die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken** nie, behalwe hy wat dit ontvang.

4. *AAN DIE GEMEENTE VAN THIATIRE*

Openb 2:26 En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee,

5. *AAN DIE GEMEENTE VAN SARDIS*

Openb 3:5 Wie oorwin, sal bekleed word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.

6. *AAN DIE GEMEENTE VAN FILADELFIA*

Openb 3:12 Wie oorwin, **Ek sal hom 'n pilaar in die tempel** van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.

7. *AAN DIE GEMEENTE VAN LAODICÉA*

Open 3:21 Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.

Openb 3:11 Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy

het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.

Fil 4:1 ....., my blydskap en kroon, staan so vas in die Here, geliefdes.

Openb 4:4 En rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier en twintig ouderlinge (die kerk) sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad.

Openb 4:9 En elke keer as die lewende wesens heerlijkheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe,

Openb 4:10 val die vier en twintig ouderlinge neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, enwerp hulle krone voor die troon en sê:

Openb 4:11 U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlijkheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape.

2Joh 1:8 Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons **deur arbeid verkry het nie, maar 'n volle loon ontvang.**

## (2) Die Oordeel van die skaap- en boknasiaes.

In sy profetiese rede vertel Jesus van hierdie oordeel, wat op die 2de fase van die wederkoms volg:

Mat 25:31 En wanneer die Seun van die mens in sy heerlijkheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; [nà die groot verdrukking en die slag van Armageddon.]

Mat 25:32 en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei;

Mat 25:33 en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit.

Mat 25:34 Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand (**dié wat die Jood goedgesind is**) is, sê: Kom, julle geseëndes van

my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.

Mat 25:35 Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek **het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling**, en julle het My herberg gegee;

Mat 25:36 Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom.

Mat 25:37 Dan sal die regverdige Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee?

Mat 25:38 **En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee?**

Mat 25:39 En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom?

Mat 25:40 En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My (die Jode), het julle dit aan My gedoen.

Mat 25:41 Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand (**boknasies**) sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.

Mat 25:42 Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie.

Mat 25:43 **Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie.**

Mat 25:44 Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het **ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie?**

Mat 25:45 Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes (**Jode**) nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.

Mat 25:46 En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdige in die ewige lewe.

Hierdie verhaal is baie bekend in Christelike kringe. Gewoonlik word dit in die sin van welsynswerk en menslikheid aangehaal, maar in werklikheid handel dit grootliks oor die gebeure nà die wederkoms. (Tweede fase van Sy koms --- op die Olyfberg)

Hier verskyn AL die NASIES, (Nie enkele persone nie, maar nasies en volke as sulks.) voor die REGTER, JESUS CHRISTUS, direk na die slag van Armageddon. (Na die sewe jaar verdrukking.) Jesus sê: "hierdie broeders van my." Dit kan dus net die kerk of die Jood beteken, en aangesien die kerk/bruid alreeds weggevoer is in die lug, bly net die Jood oor. Hierdie **skaapnasies**, is dus **al die nasies wat die Jood goedgesind was** deur die eeue, en ook gedurende die verdrukkingstydperk. Uit die skrif is dit duidelik dat hierdie nasies nie eens geweet het dat hulle Jesus gedien het deur aan die Jood guns te bewys nie.

Die boknasies is dan die nasies en volke wat geen barmhartigheid aan die Jood bewys nie, maar eerder sal probeer om hulle van die aarde te verdelg. Hulle sal as totale nasies vernietig word, en nie een van hulle sal in die Vrederyk ingaan nie.

Open 20:2 En hy het die draak (Satan) gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank,

Open 20:3 en hom (Satan) in die afgrond (bodemlose put = Abussos) gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie.

**Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.**

Mat 25:41 Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. [Die boknasies word in die doderyk gewerp en nà die Vrederyk sal hulle voor die Groot Wit oordeelstroon verskyn.]

Hierdie skaap- en boknasie-oordeel is dus gebasseer op die optrede teenoor, en die behandeling van **die Joodse volk**, deur die ander volke en nasies.

Mat 25:34 Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand (**dié wat die Jood goedgesind is**) is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.

Die koninkryk waarvan Jesus in Matt 25:34 praat simboliseer die Duisendjarige Vrederyk of Millenium. As gevolg van hul ver-

houding met die Joodse volk, word die skaapnasies toegelaat om toe te tree tot die Vrederyk. [Die Joodse sendelinge sal dan ook gedurende die Vrederyk hierdie skaapnasies evangeliseer.]

### (3) Die Groot Wittroon-oordeel (Die tweede opstanding.)

Die wittroon-oordeel wat sal plaasvind aan die einde van die Duisendjarige Vrederyk, waar die sondaar voor God sal moet rekenskap gee vir sy dade.

Heb 9:27 En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,

Wie sal hier verskyn?

Al die goddeloses van alle eeue. Nie een sal daar afwesig wees nie. Al die goddelose mense vanaf die vroegste eeu tot die jongste dag sal daar vergader word. Van die goddelose bedelaar tot die goddelose koning staan almal daar sonder onderskeid voor die Een wat nooit 'n aansienner van die persoon was nie. Daarom lees ons: Open 20:12 En ek het die dode, Klein en groot, voor God sien staan, .....

Hierdie goddelose mense staan op om: Geoordeel te word; Voor die groot wit troon; Deur Christus; Volgens hulle werke; TOT STRAF.

Daar kom definitief 'n oordeelsdag! Niks in die Heilige Skrif is duideliker as hierdie ontsettende waarheid nie! Net so seker as wat daar eenmaal loon sal wees vir God's kinders wat Hom in die genadetyd aangeneem en gedien het, sal daar 'n dag kom waarop die goddelose geoordeel sal word TOT STRAF.

Pred 12:13 Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooe; want dit geld vir alle mense.

Pred 12:14 Want God sal elke werk bring in die

gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg.

Ook die Nuwe Testament bevestig dit in:

Heb 9:27 En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,

Die PLEK waar die goddelose sal verskyn, sal wees die GROOT WIT TROON. Ons moet onderskei tussen die REGTER-STOEL VAN CHRISTUS en DIE GROOT WIT TROON. Die Regterstoel van Christus is die plek waar God se kinders sal verskyn na die salige opstanding, NIE TOT STRAF NIE, maar waar Christus hul werke sal toets en die genadelone sal uitdeel volgens hul werke vir Hom op aarde.

Open 20:5 En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. .... (Tweede opstanding.)  
(Die opstanding van God se kinders word genoem die eerste - of salige opstanding.)

Open 20:13 En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.

### JESUS CHRISTUS SAL DIE REGTER WEES!!

Die skrif leer dat Jesus Christus self die Regter sal wees. Die Een wat nou Middelaar wil wees, word dan self die Regter. Die Een wat nou pleit by die siel om hom te bekeer, sal in daardie dag die oordeel uitspreek. Hierdie feit neem alle hoop op verskoning weg, want dan is Hy nie meer die middelaar nie, maar die Regter wat die oordeel uitspreek. Sy toorn sal so vreeslik wees dat die natuur voorgestel word as vluggende voor Sy aangesig.

Open 20:11 **En ek het** 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.



So vreeslik sal die Regter wees dat die veroordeeldes sal uitroep: "..... berge en ... rotse ..:: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam;" (Open 6:16) maar die hemel en die aarde sal wegvlug voor die aangesig van die Regter, en voor Hom sal die goddelose in hul naaktheid staan. In die genade tydperk wou hulle nie met Hom rekening hou nie, maar d n sal hulle gedwing word om voor Hom te verskyn sodat Hy van hulle kan reken-skap eis.

Wat is die MAATSTAF van die OORDEEL?

Open 20:12 ....., en die boeke is geopen; **en** 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.

God het die tye van onkunde oorgesien.

Hand 17:30 God het dan **die tye van onkunde oorgesien** en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer,

Hand 17:31 **omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die w reld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, .....**

Tit 2:11 Want **die reddende genade van God het aan alle mense verskyn**

Tit 2:12 en leer ons om die goddeloosheid en w reldse begeerlikhede te verlo n, ingeto  en regverdig en vroom in die teenwoordige w reld te lewe,

Heb 2:3 **hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid veronagsaam** wat, nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur die wat dit gehoor het,

Engele wat hul eie beginsels verlaat het word nie gespaar nie.

2Pet 2:4 Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar

het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word;

2Pet 2:5 en die ou wêreld nie gespaar het nie, maar Noag, die prediker van geregtigheid, met sewe ander bewaar het toe Hy die sondvloed oor die wêreld van goddelose mense gebring het;

2Pet 2:6 en deur die stede van Sodom en Gomorra tot as te ver-  
**brand, hulle tot ondergang veroordeel het en as 'n voor-**  
 beeld gestel het vir die wat in die toekoms goddeloos sou wees;

2Pet 2:7 en die regverdige Lot gered het, wat hom baie gekwel het oor die losbandige lewe van die sedelose mense;

2Pet 2:8 want deur wat hy gesien en gehoor het, het dié regverdige man, wat onder hulle gewoon het, dag vir dag sy regverdige siel gepynig oor hulle wettelose werke—

2Pet 2:9 die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die  
 onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word;

## Die Groot Wittroon oordeel. (Aan die einde van die Duisendjarige Vrederyk.) Ook bekend as die Laaste Oordeel

Open 20:11 **En ek het 'n** groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.

Open 20:12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; **en 'n ander boek, die boek van die lewe, is** geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.

Open 20:13 En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.

Open 20:14 En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.

Open 20:15 En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.

Die Wittroon staan bekend as 'n "groot troon", omdat die grootste regter

van alle tye, die Here God, daarop sal sit. Dit sal 'n "Groot Troon" wees.

Hierdie oordeel vind in die derde hemel plaas.

Die troon is wit, omdat dit spreek van reinheid en heiligheid.

Hierdie Regter kan nie deur 'n geskenk omgekoop word nie.

Niemand sal kan appelleer teen die uitspraak van die Regter nie. (Hy is 'n regverdige Regter.)

Geen amnestie word hier toegestaan nie.

Op daardie dag sal hulle uitroep: "Berge val op ons en heuwels bedek ons vir die aangesig van God."

Daar is drie goddeloses wat nie voor die Wittroon sal verskyn nie: Lucifer, die Antichris en die Valse Profeet. (Sonder verhoor reguit hel toe.)

Pilatus sal ook nou voor Jesus verskyn. Toe Jesus voor Pilatus gestaan het, het die skepsel die Skepper veroordeel, maar voor die Groot Wittroon sal die skepsele voor die Skepper verskyn om geoordeel te word volgens hulle werke.

Terwyl hulle voor die Regter staan, sal hulle die gesig herken:

- (a) Die bloedbevlekte gesig waarin hulle hier op aarde gespuug het
- (b) Die gesig wat hulle met die vuis geslaan het, waarvan hulle die baard uitgetrek het.

Die liggaam wat hulle ge gesel het; die hande en voete wat hulle deurboor het aan die kruis; die sy wat hulle met die spies deurboor het.

Hulle sal kyk in die Regter se oë. Die oë wat die geheime van elke hart openbaar.

Open 1:14 ....., **en sy oë soos 'n vuurvlam,**

Heb 2:3 hoe sal ons (ek/my naam) ontvlug as ons (ek/my naam) **so 'n groot saligheid veronagsaam wat, nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur die wat dit gehoor het,** Nie eers die engele kan ontvlug nie.


Luk 13:27 En Hy sal sê: Ek sê vir julle, Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie. Gaan weg van My, al julle werkers van die ongeregtigheid!

Mat 25:41 .....gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.

In daardie dag sal almal by Hom pleit vir genade: die burgemeester, die president, die hoëlui, die geleerdes, die bedelaar, die gewone man op straat.

## Wie sal almal voor die Groot Wittroon verskyn?

Die Godloënaar; Godhater; Godveragter; die dwaas wat sê daar is geen God nie; die Ateïs; die lasteraar; die spotter; hulle wat Hom in die gesig geslaan en gespuug het; die rower wat langs Hom aan die linkerkant gehang het; Pilatus wat Hom oorgegee het om gekruisig te word; hulle wat gesê het - weg met Jesus, laat vir ons Barabas vry; die ryke; die arme; die bedelaar; die hooggeplaastes; die konings; klein en groot; hoereerders; egbrekers; dronkaards; dobbelaars; sodomiete; moordenaars; rowers; diewe; verkragters; beeldaanbidders; elke sondaar. Die engele wat hulle beginsels nie bewaar het nie.



Spr 1:24 Omdat Ek geroep en julle geweier het, Ek my hand uitgestrek en niemand geluister het nie,

Spr 1:25 en julle al My raad (die Bybel) nie opgevolg en van My teregwysing nie wou geweet het nie,

Spr 1:26 daarom sal **Ek ook lag by julle ondergang, Ek sal spot as julle verskrikking kom;**

2Kor 5:20 Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: **Laat julle met God versoen.**

## Die skrif teen die muur. (Koning Bésasar)



Dan 5:5 **Op dieselfde oomblik het daar vingers van 'n mens se hand te voorskyn** gekom en teenoor die kandelaar op die kalk van die muur van die koninklike paleis geskrywe, en die koning het die deel van die hand gesien (God se Hand) wat geskrywe het.

Dan 5:6 Toe het die gelaatskleur van die koning verander, en sy gedagtes het hom verskrik, en die gewrigte van sy heupe het losgeraak, en sy knieë het teen mekaar geslaan.

Dan 5:17 Toe het Daniël geantwoord en voor die koning gesê: U kan u **gawes maar vir uself hou en u geskenke aan 'n ander gee; nogtans sal ek die skrif vir die koning lees en die uitlegging aan hom bekend maak.** (Prent hierbo: Daniel gee uitleg teen die muur.)

Dan 5:24 Toe is deur Hom die deel van die hand gestuur en hierdie skrif geskrywe. (In Aramees deur God geskrywe.)

Dan 5:25 En dit is die skrif wat geskrywe is: Mené, mené, tekél ufarsín.

Dan 5:26 Dit is die uitleg van die woord: **Mené—God het u koningskap getel en daar ‘n einde aan gemaak;**

Dan 5:27 **tekél—u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind;**

Dan 5:28 **perés—u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee.**

Net soos in die geval van Béliasar, sal die gelaatskleur van die mense wat voor die groot wit troon van God verskyn, verander. Hulle gedagtes sal hul verskrik, want op daardie groot dag van die oordeel van God sal niemand vergeet wat hy of sy gedoen het nie! Die gewigte van hulle heupe sal losraak op daardie vreeslike dag. Dit sal 'n verskriklike dag vir almal wees wat die skepsel bo die Skepper vereer en gedien het! Op daardie dag sal die knieë van die sterkste manne teen mekaar slaan! Ja, daardie knieë wat nie voor God wou buig in die welaangename tyd nie.

**Die mens kan doen wat hy wil en lewe soos hy verkies, maar God het die "laaste" woord in die "laaste" oordeel!**

## Die uitspraak van die Regter, Jesus Christus.

Mat 25:41 Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.

Luk 13:27 En Hy sal sê: Ek sê vir julle, Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie. Gaan weg van My, al julle werkers van die ongeregtigheid!

Heb 2:3 hoe sal ons ontvlug **as ons so ‘n groot saligheid veronagzaam** wat, nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur die wat dit gehoor het, **(Geen ontvlugting nie.)**

Amos 4:12 .....—maak jou klaar om jou God te ontmoet, o mens!

Saamgestel deur:

Past Willie Horne  
Posbus 872  
KLEINBRAK  
6503

(044) 696-5891

Epos: [konanja333@gmail.com](mailto:konanja333@gmail.com)

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

## Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

